# Insigte oor die nuutste tendense

MICHAEL BENTLEY, *Modern historiography: an Introduction*

Routledge, Londen en New York

2000.

ISBN 0 415 20267 1

pp. 172

Indeks, Bibliografie en Lys verdere leesstof in Engels.

Prys: Nie beskikbaar nie.

'n Studie van Westerse historiografie verskaf die geleentheid vir beide die amateur sowel as die professionele historikus om die belangrikste tendense en verteenwoordigers van daardie tendense te bestudeer. Deur 'n studie van historiografie, verkry die historikus dus nie net insig in die dinamika van die dissipline nie, maar ook hoe interpretasies van die verlede oor tyd gevorm en verander het. Terwyl dié belangrike benadering tot historiese studies wêreldwyd erken word, is die literatuur daaroor egter uiters spesifiek. Bronne oor Marxistiese historiografie of oor die geskiedskrywing oor vroue is vry algemeen. Daar is egter 'n tekort in algemene historiografiese werke. Skrywers soos Ernst Breisach, George Iggers en Peter Burke het in 'n sekere mate in hul publikasies die leemte gevul het, maar daar is steeds groot ruimte vir addisionele literatuur oor die onderwerp – veral om ook as teksboeke te gebruik.

Michael Bently (professor in Moderne Geskiedenis aan die Universiteit van St Andrews) erken dat toe hy ongeveer 15 jaar gelede dit oorweeg het om op voorgraadse vlak 'n kursus in historiografie aan te bied, "most students and not a few colleagues possessed barely more than a blurred notion of what the word *mean*". Sedertdien het hy die leiding geneem in 'n uiters ambisieuse projek om 'n omvattende publikasie oor historiografie die lig te laat sien. Vir dié publikasie, *Companion to historiography*, waarin opstelle van 40 ander skrywers opgeneem is en wat in 1997 verskyn het, was hy dan ook redakteur. Hyself het 'n uitgebreide gedeelte, "Introduction: Approaches to Modernity: Western Historiography since the Enlightenment", tot dié publikasie bygedra.

Die bedoeling met dié bydrae toe was om 'n konteks te verskaf vir 'n aantal opstelle wat spesifiek tendense in historiografie gedurende die 19de en 20ste eeu bespreek het. Op aandrang van die uitgewers en akademici om die gedeelte wat hy vir die *Companion to historiography* geskryf het, toeganklik vir 'n groter gehoor te maak, het hy ingestem om dit verlede jaar in slapbandvorm te publiseer. Die bydrae van *Modern historiography: an introduction* lê dus daarin dat die jongste historiografiese navorsing tot die beskikking van historici en studente gestel word. Dit vul verder die leemte in die behoefte aan 'n werk wat slegs die 19de en 20ste eeuse geskiedskrywing op indringende wyse behandel.

Bentley slaag veral goed daarin om feitlik al die faktore wat tendense in die

geskiedskrywing gedurende dié tydperk beïnvloed het, aan te spreek. Hy lê veral klem om die sterk verband tussen geskiedbeoefening en die volgende aspekte aan te toon: filosofiese strominge, die invloed van die uiteenlopende kontekste in die onderskeie Europese moondhede sowel as in die Verenigde State; die druk wat die natuurwetenskappe veral op die sosiale wetenskappe en in die besonder op geskiedenis geplaas het om die "wetenskaplike" beoefening van hul dissipline te regverdig. Spesifieke benaderings word ook behandel. Bentley beklemtoon die rol van individuele geskiedskrywers soos Leopold von Ranke in die 19de eeu (waartydens geskiedenis 'n professionele status verkry het) en EP Thompson in die 20ste eeu (waartydens 'n nuwe dimensie aan geskiedskrywing – deur die gebruikmaking van die Marxistiese interpretasie – gegee is). Die vernuwende denke en baie meer interdissiplinêre benadering wat veral gevolg en ontwikkel is deur die Franse *Annales* skool; die uitwerking wat belangrike wêreldgebeure soos die industriële rewolusie en verstedeliking (oor 'n langer termyn) en die invloed wat twee wêreldoorloë (oor 'n korter termyn) op geskiedskrywing gehad het; ontvang ook aandag. Bentley identifiseer ook die wegbeweeg van die klem wat aanvanklik slegs op politieke, diplomatieke en militêre geskiedenis geplaas is en die ontwikkeling van onder andere ook ekonomiese, sosiale, "gender", kultuur- en mentaliteitsgeskiedenis; die wegbeweeg van die makro-narratief na die mikro-narratief en weer teen die einde van die 20ste eeu terugbeweeg na die makro-narratief as belangrike tendense in ons tyd.

In 'n naskrif bring hy sy oorsig  oor historiografie tot op datum. Hy wys daarop dat onlangse historiese gebeure 'n selfvoldane Fukuyama se aanspraak op die "einde van geskiedenis" verkeerd bewys het. Dit is veral weer kwessies oor ras, nasionalisme, etnisiteit en identiteit wat 'n groter realisme in 'n tyd van post-modernisme afdwing. Die post-modernisme begin deur die ondersoek van nuwe temas in geskiedskrywing (soos byvoorbeeld die studie van die kompleksiteit van identiteitsvorming) om sy invloed op die historiografie uit te oefen.

Die waarde van die werk lê daarin dat dit die komplekse invloede op Westerse historiografie logies en verstaanbaar ontleed. Dit is 'n 'n onontbeerlike bron vir enige studie van historiografie. Nietemin word die *Companion to historiography* ook sterk aanbeveel vir meer diepgaande ontledings van spesifieke historiografiese aspekte.

Louis Grundlingh

Randse Afrikaanse Universiteit